

6 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:15-26 (OAV)

Fokusgedeelte: Romeine 7:24,25

Skuldbelydend kniel ons voor ons Verlosser aan die kruis

Paulus teken 'n stukkie lewensgeskiedenis op – sy eie. Tog is sy ervaring en ondervinding ook eintlik ons s'n, elke dag van ons lewe. Hy vertel hier van die *mag* en die werklikheid van *sonde*. Vol skaamte bely hy in vers 19: “Die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.” Hy roep in ons teksvers uit: “Ek, ellendige mens...!” Met hierdie woorde teken hy die sondemens se *onmag*!

Ons het elke dag te doen met ons drie doodsvyande: die duiwel, die wêreld en ons eie bese vlees. Ons stryd wat ons elke dag as gelowiges moet voer, is dus teen 'n *oormag* van die vyand! Paulus kerm in ons fokusgedeelte (vers 24): “Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?” Soos wat 'n dooie geen krag meer het en niks kan doen nie, sô is ons ook magteloos teen al die aanslae van die vyand!

Goddank, Paulus beskryf nie nêr vir ons die mens se *onmag* en die sonde se *oormag* nie. Hy is ook verkondiger van die blye evangelie; die goeie boodskap! Waar hy amper wanhopig in ons eerste fokusvers om hulp roep, jubel hy oor *God se almag* in ons tweede fokusvers (vers 25): “Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!”

Ja, Paulus sien voor sy geestes oog 'n kruis, en daaraan hang *Jesus* wat die sondes van die wêreld - ook jou sondes en myne - kom *wegneem* het! Daarom juig ons in vreugde en blydskap en dankbaarheid:

“Deur sy kruis word ons gegewe
ewig rus vir ons gemoed.”

“Hoe is ons aan Hom verbonde,
Jesus, Redder, Seun van God!

Dankbaar juig ons harte en monde
oor ons ewig - heerlik lot!”

Sing: Psalm 86:1 Ds K van Niekerk (Emeritus)